# Lesing 25.04.2018 - DEEL 27 - Dogter van Sion - Is daar nog so `n huis in die RSA?

Droom en gesig van Jakob by BetEl

Gen 28:1 TOE het Isak Jakob geroep en hom geseën; en hy het hom bevel gegee met die woorde: Jy mag geen vrou neem uit die dogters van Kanaän nie.

Gen 28:2 Maak jou klaar, gaan na Paddan-Aram, na die huis van BetuEl, jou moeder se vader, en gaan haal vir jou daar 'n vrou uit die dogters van Laban (blank), jou moeder se broer.

Gen 28:3 En mag El die Almagtige, jou seën en jou vrugbaar maak en jou vermeerder, sodat jy 'n menigte van volke kan word.

Gen 28:4 En mag Hy jou gee die seën van Abraham, aan jou en jou saad saam met jou, dat jy die Aarde van jou vreemdelingskap in besit kan neem wat Elohim aan Abraham gegee het.

Gen 28:5 So het Isak Jakob dan weggestuur, en hy het na Paddan-Aram gegaan, na Laban, die seun van BetuEl, die Arameër, die broer van Rebekka, die moeder van Jakob en Esau.

Esau Marries an Ishmaelite

Gen 28:6 Toe Esau sien dat Isak Jakob geseën en hom na Paddan-Aram weggestuur het om daar vir hom 'n vrou te gaan haal, terwyl hy hom geseën en hom bevel gegee het met die woorde: Jy mag geen vrou uit die dogters van Kanaän neem nie;

Gen 28:7 en dat Jakob na sy vader en sy moeder geluister het om na Paddan-Aram te gaan;

Gen 28:8 en toe Esau sien dat die dogters van Kanaän besoedel was in die oë van sy vader Isak,

Gen 28:9 het Esau na Jismael gegaan en Máhalat, die dogter van Jismael, die seun van Abraham, die suster van Nébajot, by sy vroue vir hom as vrou geneem.

Jacob's Dream

Gen 28:10 En Jakob het uit Berséba vertrek en na Haran gegaan.

Gen 28:11 Daarop kom hy by 'n plek waar hy die nag oorgebly het, want die son was al onder. En hy neem een van die klippe van die plek en sit dit onder sy hoof, en hy gaan lê en slaap op dié plek.

Gen 28:12 En hy het gedroom - daar is 'n leer op die Aarde opgerig waarvan die spits tot aan die Hemele reik, terwyl die Boodskappers van Elohim daarlangs opgeklim en daarlangs neergedaal het.

Gen 28:13 En kyk, JaHWeH het bo-aan gestaan en gesê: Ek [is] JaHWeH, die Elohey van jou vader Abraham en Elohey van Isak. Die Aarde waar jy op haar lê en slaap, haar sal Ek aan jou en jou saad gee;

Gen 28:14 en jou saad sal wees soos die stof van die Aarde, en jy sal uitbrei na die weste en ooste, en na die noorde en suide; en in jou en jou saad sal al die families van die Adamah[adamiet se Aarde] geseën word.

Gen 28:15 En kyk, Ek is met jou, en Ek sal jou bewaar oral waar jy heengaan, en Ek sal jou terugbring na die Adamah[adamiet se Aarde]; want Ek sal jou nie verlaat nie, totdat Ek gedoen het wat Ek jou gesê het.

Gen 28:16 Daarop word Jakob uit sy slaap wakker en sê: Waarlik, JaHWeH is op hierdie plek, en ék het dit nie geweet nie.

Gen 28:17 En hy het bevrees geword en gesê: Hoe ontsagwekkend is hierdie plek! Dit is hier niks anders as 'n Huis van Elohim nie, en dit is hier die poort na die Hemele.

Gen 28:18 Toe staan Jakob die môre vroeg op en neem die klip wat hy onder sy hoof gesit het, en rig dit as 'n gedenksteen op; en hy het olie bo-op haar uitgegiet.

Gen 28:19 En hy het die plek BetEl genoem; maar die naam van die stad was tevore Lus. [Boekrol van die Opregte 36:3]

Gen 28:20 En Jakob het 'n Gelofte gedoen en gesê: As Elohim met my sal wees om my te bewaar op hierdie weg wat ek gaan, en aan my brood sal gee om te eet en klere om aan te trek,

Gen 28:21 en ek behoue na die huis van my vader sal terugkom, dan sal JaHWeH vir my Elohim wees.

Gen 28:22 En hierdie klip wat ek as gedenksteen opgerig het, sal 'n Huis van Elohim wees, en van alles wat U my gee, sal ek aan U sekerlik die tiendes afstaan.